**26 Junie**

Skrifgedeelte: Jesaja 52:13-53:12
Fokusgedeelte: Jesaja 53:1,4,10-12
HK, Vraag 17

# Die ewige lewe is *neem* en *gee*

Die lewe is baie keer *gee* en *neem*. Die ewige lewe is beslis *neem* en *gee*. Agterstevoor? Dit is amper soos Jesaja wat vra (Jes 53:1): "Wie sal ons glo?" Die antwoord word eintlik reeds met die volgende vraag gesuggereer: "Wie sal die mag van die Here hierin raaksien?"

Profeties word God se eis gepreek asof dit reeds plaasgevind het. Maar die Kneg van die Here moes kom om te *neem* en te *gee*. Hy moes ons sonde op hom neem (ja, met 'n kleinletter gespel, omdat 'n mens vir die sonde van die mens moes boet). Dit het ingehou dat Jesus die las van God se toorn aan sy mensheid moes dra. Wat 'n verskriklike las was dit nie! Die man wat die las sou dra, word profeties vir ons geskets: geen skoonheid of prag nie, verag en deur mense verstoot, bekend met pyn, oor ons oortredings deurboor, oor ons sonde verbrysel, oor die sonde gestraf en sy graf by die goddelose.

Maar daardeur *gee* Hy (met 'n hoofletter gespel, omdat Hy net uit die krag van sy Godheid kan gee) aan ons so oneindig baie. Hy maak regverdig (vs 11). Hy gee vir ons die geregtigheid en die ewige lewe.

As dit vir ons aanvaarbaar is om te *gee* en te *neem*, ervaar ons dit as aangenaam en edel. Die omgekeerde *neem* en *gee* mag selfsugtig klink, maar dit is eintlik Goddelik, om te *neem* wat 'n mens nie kan hanteer nie en te *gee* wat geen mens kan bereik nie. Dit is die liefde van God en die troos vir ons.

Sing: Psalm 40:5 (1936-beryming)

Ds CA Jansen (Secunda)